higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

BYKOMSTIGHEDE N5

30 MEI 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

OPMERKING AAN NASIENERS:

Sommige vrae vereis dat die leerders hul kennis van die onderwerp demonstreer en dan hierdie kennis op verskillende scenario's toepas. Die antwoorde moet volgens meriete gemerk word. Die antwoorde wat gegee word is 'n riglyn.

AFDELING A

VRAAG 1

1.1

1.1.1	H
1.1.2	J
1.1.3	A
1.1.4	E
1.1.5	I
1.1.6	C
1.1.7	D
1.1.8	F
1.1.9	B
1.1.10	G

(10 × 2) (20)

1.2 1.2.1
- Kashandvatsels
- Deurhandvatsels
- Ketel
- Potte
- Bakke
- Kombuisgereedskap
- Messegoed (Enige DRIE)

1.2.2
- Deurhandvatsels
- Seephouer
- Handrelings
- Handdoekrelings
- Krane (Enige DRIE)

(2 × 3) (6)

1.3 1.3.1
- Kershouers
- Bakke
- Rame
- Ornamente
- Beeldjies (Enige DRIE)

1.3.2
- Bakke
- Kershouers
- Slaailepels
- Dekoratiewe messegoed
- Bierbekers
- Wynkelkies (Enige DRIE)

(2 × 3) (6)

1.4
- Deurklokkie
- Deurknop
- Sleutelgat
- Posbus/Gleuf
- Buitelig
- (Gekleurde) glas in en/of rondom die deur
- Deurmatjie
- Voetskraper (Victoriaans)
- Huisnommer
- Potplante/bome (Enige 8 × 1) (8)

1.5 1.5.1 Erdewerk/Breekgoed word by laer temperature gebak,✓ gewoonlik nie meer as 1 180 °C nie. By hierdie temperatuur bly die klei poreus✓ en die glasuur sal 'n afsonderlike laag weesr✓ wat aan die oppervlak vassit.
Steengoed/Swaar erdewerk word by hoër temperature gebak,✓ wat die klei en glasuur tegelykertyd inbrand/verhard (Engels: mature).✓

1.5.2 Wanneer mense sê dat hulle die 'kristal' uithaal, verwys hulle dikwels na 'n tipe glas✓ wat van silika, loodoksied, soda of potas✓ en ander bymiddels gemaak is. Loodkristal word hoog aangeskryf✓ vir die duursaamheid✓ en dekoratiewe✓ eienskappe daarvan, selfs as dit nie noodwendig 'n kristalstruktuur het nie.
(2 × 5) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

OPMERKING AAN NASIENERS:
Kandidate moet VYF bykomstighede vir elke styl beskryf, wat beteken dat daar byvoeglike naamwoorde by die selfstandige naamwoorde gevoeg moet word. Die bykomstighede behoort gepas te wees vir die tipe kamer wat genoem word.

2.1 2.1.1 Victoriaanse salon/voorkamer: Kantgordyne, kussings met patrone, valletjies, randjies/draperings, rame, vergulde ornamente, tossel-gordynkoorde/gordynbande, matte.
Die effek is 'n warboel/vol.

2.1.2 Edwardiaanse sitkamer/voorkamer: Wit geverfde skoorsteen-mantel/kaggelrak met kaggelomranding, simmetriese wit muur-panele, eenvoudige maar gedetailleerde kroonlys/gewellys met geometriese plafonpanele.
Kleure en patrone is besadig/getemper/beheersd/bedwing.

2.1.3 Art Deco-patio: Swart en wit dambordvloer/geruite vloer, Egiptiese/Asteekse skerms, sonstraaltafel en -stoele, ziggoerat- en chevronpatrone.
Vergulde of brons bykomstighede word gebruik.

2.1.4 Kuns- en kunsvlyt (kunshandewerk)-studeerkamer: Donker hout- of blou-groen geverfde muurpanele en meubels, gekleurdeglas-lampe, swaar rame en rakke met biblioteekkenmerke, leerband-boeke en handgemaakte ornamente.
Bonkige en Middeleeuse patrone is kenmerkend van hierdie styl.
(4 × 5) (20)

2.2 2.2.1 Eugène Henri Paul Gauguin was 'n Franse✓ Post-impressionistiese kunstenaar.✓ Ondergewaardeer tot ná sy dood, word Gauguin nou erken vir sy eksperimentele gebruik van kleur✓ en vir sy styl van sintese✓ (Engels: synthetist styel) wat duidelik van Impressionisme verskil het.✓

2.2.2 Pablo Picasso was 'n Spaanse✓ kubistiese skilder,✓ beeldhouer, afdrukmaker,✓ pottebakker/keramis,✓ teaterontwerper,✓ digter en dramaturg wat die meeste van sy volwasse lewe in Frankryk deurgebring het.

2.2.3 Michelangelo di Lodovico Buonarroti Simoni was 'n Florentynse✓ beeldhouer,✓ skilder,✓ argitek✓ en digter van die Hoog-Renaissance✓ wat 'n ongeëwenaarde invloed op die ontwikkeling van Westerse kuns uitgeoefen het.

2.2.4 Batik is 'n kleurtegniek✓ van wasweerstandige✓ kleuring✓ wat op die hele lap toegepas word,✓ of is 'n lap wat met hierdie tegniek gemaak is.

2.2.5 Origami kom van die woord *ori* wat 'vou' beteken✓ en *kami* wat 'papier' beteken (*kami* verander na *gami* as gevolg van rendaku).✓ Dit is die kuns van papiervou, wat dikwels met die Japanese kultuur geassosieer word.✓ In sy moderne gebruik, word die woord 'origami' as 'n inklusiewe term vir alle voupraktyke gebruik,✓ ongeag hul kultuur van oorsprong. Die doel is om 'n plat, vierkantige stuk papier✓ in 'n voltooide beeldhouwerk te omskep✓ deur van vou- en beeldhoutegnieke gebruik te maak. Moderne origami-praktisyns ontmoedig oor die algemeen die gebruik van snitte, gom of merke op die papier.

2.2.6 Découpage is die kuns van die versiering✓ van 'n voorwerp deur gekleurde papierknipsels daarop te plak,✓ tesame met spesiale verfeffekte✓ soos bladgoud✓ en ander dekoratiewe elemente.✓ Oor die algemeen word 'n voorwerp soos 'n klein dosie of 'n meubelstuk bedek✓ met knipsels uit tydskrifte, of uit doelgemaakte papier.

Kopiereg voorbehou

2.2.7 'n Tiffany-lamp is 'n tipe lamp met 'n glasskerm✓ wat uit glas gemaak is wat deur Louis Comfort Tiffany✓ en sy ontwerpateljee ontwerp is. Die beroemdste hiervan was die kleurglas/beskilderde/ gebrandskilderde glas-in-lood✓ glaslamp.✓ Tiffany-lampe word as deel van die Art Nouveau-beweging beskou.✓

2.2.8 Papier-mâché, letterlik 'gekoude papier',✓ is 'n saamgestelde materiaal✓ wat uit stukkies papier of papierpap/pulp bestaan,✓soms met tekstiele versterk is,✓ en gebind is met 'n hegmiddel/kleefstof soos gom, stysel of muurpapierpasta/plakpap.✓

(8 × 5) (40)
[60]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Houtbykomstighede sluit in lampe, dose, bakke, rame, ornamente, kiste en stoeltjies/sitbankies.

Dennehout word as 'n sagte, liggewig hout beskou wat goedkoper is en plaaslik gekweek word. Omdat dit nie swaar is nie, is dennehout gewild vir slaapkamermeubels, soos hangkaste en beddens.

Djatihout is 'n tipe hardehout. Dit is afkomstig van die *Tectona grandis*-boomspesie, wat inheems tot Suid- en Suidoos-Asië is. Djatihout het 'n gladde grein en tekstuur. Dit het 'n geelbruin kleur, wat mettertyd tot 'n silwer-grys glans kan verouder. Djatihout is bekend vir sy hoë olie-inhoud, hoë trekvastheid/treksterkte en digte grein. (10)

3.1.2 Terrazzo (terasso) is 'n saamgestelde materiaal. Wanneer dit voorafgegiet is, word dit as vloer- of muurbedekking gebruik. Dit kan ook plaaslik/in plek gegiet word. Dit bestaan uit stukkies/skerwe marmer, kwarts, graniet, glas of 'n ander geskikte materiaal wat in 'n sementagtige binder/bindstof (vir 'n chemiese binding), 'n polimeriese bindstof (vir 'n fisiese binding) of 'n kombinasie van die twee gegiet word. Metaalstroke skei gedeeltes of kleurwisselinge of verskillende materiale in 'n patroon. Addisionele stukkies/skerwe kan bo-op die mengsel gestrooi word voordat dit set/bind. Nadat dit verhard het, word dit geskuur/geslyp en gepoleer tot 'n gladde afwerking, of andersins afgewerk om 'n eenvormig getekstureerde oppervlak te verkry.

Marmer is 'n metamorfiese gesteente wat uit geherkristalliseerde karbonaatminerale, hoofsaaklik kalsiet of dolomiet, bestaan. Marmer kan bladvormig wees. Geoloë gebruik die term 'marmer' om na gemetamorfoseerde kalkklip/kalksteen te verwys. Klip-messelaars gebruik die term egter wyer, om ongemetamor-foseerde kalksteen ook in te sluit. Marmer word algemeen vir beeldhouwerk en as boumateriaal gebruik. (10)

3.1.3 Fineer-/opleghout is 'n dun lagie regte hardehout wat op 'n goedkoper materiaal soos laaghout aangewend word. Lamelhout is 'n gedrukte oppervlak wat gemaak word om soos regte hout te lyk, maar wat gewoonlik uit plastiek gemaak is en aan 'n saamgestelde basis vasgeheg is. Onseker oor watter opsie om vir jou nuwe kantoormeubels te gebruik? Die volgende onderskeidende kenmerke behoort dit makliker te maak om die regte een vir die spesifieke doel waarvoor dit nodig is te kies:

Lamelhout is 'n mensgemaakte produk. Dit beteken dat dit sterker is en geneig is om hitte- en krapweerstandig te wees, wat dit makliker maak om te versorg as regte hout of fineerhout. Om hierdie rede hoef jy nie so versigtig met lamelhout te wees as met fineerhout nie. Dit is ook baie makliker om lamelhoutprodukte te vervaardig en daarom is lamelhoutmeubels gewoonlik goedkoper, wat dit 'n begrotingsvriendelike keuse maak. Een nadeel van lamelhout, omdat dit 'n vervaardigde oppervlak is, is dat mens nie die natuurlike variasies en ware houtgreine kry wat jy met egte fineerhout sien nie; die kleurverskeidenheid is egter eindeloos/onbeperk.

Fineerhout/Opleghout, daarenteen, is 'n dun lagie regte hout wat op 'n laaghoutbasis aangewend word. Omdat 'n natuurlik materiaal gebruik word, het fineerhout 'n ryker en meer gevarieerde voorkoms. Dit is meer arbeidsintensief om te vervaardig, en dus gewoonlik duurder as lamelhout. Fineerhout is egter minder duursaam en sagter en krappe en duikies wys makliker as op lamelhout. Lessenaarblaaie/skryfmatte en drupmatjies moet gebruik word om die oppervlaktes van kantoormeubels te beskerm. (10)

3.2 3.2.1 Handgeblaaste glas – deurskynend of ondeurskynend, kan enige kleur gekleur wees (2)

3.2.2 Gevormde glas – deurskynend of ondeurskynend, kan enige kleur gekleur wees (2)

3.2.3 Geelkoper/messing (Engels: brass) – geel metaalkleur/metaalagtig (1)

3.2.4 Koper – pienk of roos metaalkleur (1)

3.2.5 Akriel – wit, swart, enige kleur of deurskynend (2)

3.2.6 Melamien – wit, swart, enige kleur of deurskynend (2)

3.3
- Gevormde glas
- Geelkoper/Messing
- Koper
- Melamien (4)

3.4 3.4.1
- Wynglase
- Drinkglase
- Vase
- Bakke
- Lampskerms
- Kroonkandelare
- Ornamente (Enige DRIE)

3.4.2
- Wynglase
- Drinkglase
- Vase
- Bakke
- Lampskerms
- Kroonkandelare
- Ornamente
- Spieëls (Enige DRIE)

3.4.3
- Vaste toebehoorsels en muurmeublement/vaste toerusting (Engels: fixtures and fittings)
- Bekers/kanne (Engels: jugs)
- Bakke
- Plantpotte (Engels: planters)
- Deurknoppe
- Deurkloppers (Enige DRIE)

3.4.4
- Vaste toebehoorsels en muurmeublement/vaste toerusting (Engels: fixtures and fittings)
- Bekers/kanne
- Bakke
- Plantpotte (Engels: planters) (Enige DRIE)

(4 × 3) (12)

3.5
- Beskikbaar in baie kleure
- Duursaam
- Bekostigbaar
- Skottelgoedwasserbestand (4)

[60]

VRAAG 4

OPMERKING AAN NASIENERS:
Kandidate moet gepaste besonderhede vir hierdie vraag kies. Aangesien dit Franse hoogwaardigheidsbekleërs uit die buiteland is, moet die kandidate dit in die detail in ag neem, en met die dek van die tafel en die spyskaartitems in die besonder. Daar moet by die formele protokol en etiket gehou word.

4.1 Die gaste se uitnodigings – Verduidelik hoe besluite oor die font, kleur, logo/embleem en koevert gemaak sal word. (5)

4.2 Hoe die tafel gedek word – Die tema van die funksie sal die keuse van die eetservies/eetgerei bepaal. Kandidate moet 'n volledige gedekte tafel opnoem/lys en die rede vir die keuse gee. (10)

4.3 Kamerdekor – Kandidate moet verduidelik hoe die dekor die vertrek sal versier. Die sitplektoewysing, tafels, tafeldoeke, kerse, vase, blomme, ligte en muurversierings moet bespreek word. (10)

4.4 Spyskaart – Verduidelik hoe besluite oor die font, kleur en logo/embleem geneem sal word en hoe die spyskaart ten toon gestel sal word. Geen punte kan toegeken word vir die lys van maalgange/disse nie, aangesien dit hier om die spyskaart as bykomstigheid gaan. (5)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou